MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> Geen winter hou vir ewig aan nie en geen lente slaan sy beurt oor nie.

# Uit die Hoof se Kantoor

*"Winter is die tyd vir troos, vir lekker kos en warmte, vir die aanraking van 'n vriendelike hand en vir 'n praatjie langs die vuur"* - Edith Sitwell

Die winter is op ons voorstoep; sorg maar dat die hele gesin die nodige vitamienes inneem om die goggas weg te hou.

Juffrou Ilana Kruger het besluit dat sy eerder voltyds mamma wil wees. Ons sal haar verseker in die Afrikaanse klas, by die ATKV en langs die tennisbane mis. Juffrou Carin du Preez bly in haar pos aan.

Neem ook asseblief kennis van die volgende aspekte:

- Dit is belangrik dat elke leerder sy/haar eie skryfbehoeftes elke dag in die klas het. Kontroleer asseblief of u kind die nodige inpak.
- Dit het onder ons aandag gekom dat leerders graag die *Prime*-drankie drink. Dit wil blyk dat dié drankie nie so gesond is as was die adverteerders beweer nie. Volgens berigte is dié drankie in Australië verbied. Dink dus maar twee keer voordat u u kind toelaat om dit te geniet.
- Ons versoek ook ouers vriendelik om met leerders te gesels oor aankope smiddae by die winkelsentrum. Maak asseblief seker dat dit u goedkeuring wegdra. Die skool kan nie verantwoordelikheid neem vir leerders wat ná skoolure heen en weer oor die pad stap nie.

Bly warm en veilig. Sterkte met al die bedrywighede van die kwartaal.

## INLIGTING

### NASKOOL

Die nasorgdienste eindig om 17:30 daagliks. Daar is tans 'n tendens van ouers wat hul kinders eers ná die amptelike ure kom afhaal. Ons versoek alle ouers vriendelik om by die sluitingstye te hou. Daar sal in die toekoms stappe teen oortreders geneem word.

# Rakker-Netbalster

**GAUTENG-NOORD NETBAL**


Baie geluk aan Adoré Oosthuizen, wat tot die Gauteng-Noord Netbalspan, verkies is. Dié span neem aan die *ALLE OUDERDOMME-TOERNOOI*, wat van 25-28 Junie plaasvind, deel.
Ons is super trots op haar!



**HOKKIEPROEWE**

Onder 11, 12 en 13-seuns hokkieproewe vind op Saterdag, 13 Mei om 08:00 – 11:00 plaas.
Dié proewe word gehou om ons onder 11-13 toergroepe aan te wys
wat op 14 – 16 Julie na Bloemfontein toer.

Onder 11, 12 en 13-dogters hokkieproewe vind op Saterdag, 20 Mei om 08:00 – 11:00 plaas. Dié proewe word gehou om die onder 11-13 toergroepe aan te wys
wat op 27 - 30 Junie na Witrivier toer.




# CULTIVARIA 2023

Inskrywings sluit op **Donderdag, 18 Mei.**
Ongelukkig kan geen laat inskrywings aanvaar word nie.
Druk op die onderstaande skakels vir:

**CULTIVARIA inskrywings**

**CULTIVARIA handleiding**

## TRUTH

TRUTH reik dié kwartaal op Saterdag, 3 Junie na die *Dierebeskermingsvereniging*, uit. Leerders kan solank skenkings by ontvangs los. Navrae: Juffrou Minette Bornman (minetteb@midstreamridgeprimary.co.za) Volg asb. die onderstaande skakel vir hul wenslysie:

**DBV WENSLYSIE**




## KOSSAKPROJEK

Graag herinner ons u aan ons maandelikse bydrae tot TRUTH se kossakprojek in samewerking met *Kerk Sonder Mure*. Datums waarop kossak-skenkings by die skool afgelewer kan word, kan op die onderstaande skakel gevind word.

**KOSSAKPROJEK-DATUMS**

## BULLETJIE-DAG PRYSWENNERS



Baie geluk aan mnr. Mark Peeks wat die skaap gewen het.



Geluk aan mev. B. Wallace van Montana wat die SPAR-geskenkbewys gewen het.

## TINA COWLEY

Druk asseblief op die skakel vir inligting rakende 'n studiekursus vir gr. 4-7 leerders by Tina Cowley Leessentrum in Midstream: **STUDIEKURSUS**

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting: **YOUNG ENGINEERS**